

Bileam – betroubare profeet of geldgierige waarsêer? (OP56)

Num 22:1-41

5 September 2021

Vandag wil ek dat ons begin om te kyk na die gebeure waarby Bileam en Balak betrokke is. Dit word in Num 22-24 bespreek, ons kyk vandag net na Num 22. Ter agtergrond moet ons kennis neem van die gebeure in die laaste gedeelte van Num 21. Daar lees ons in vers 10-20 van die pad wat die Israeliete getrek het om Edom en Moab. Tussen hulle en die Jordaanrivier was die gebied wat aan die Amorie te behoort het. Verse 21-35 beskryf vir ons dat die Israeliete toe twee Amoritiese konings verslaan het – Sihon van Gesbon en Og van Basan. In vers 26 lees ons dat hierdie gebied waar die Amorie te gewoon het, vroeër aan Moab behoort het, maar Sihon het intussen die Moabiete verdryf en die Moabiete beperk tot die gedeelte suid van die Arnonrivier. Die gevolg is dat die Israeliete nou die gebied noord van die Arnon en oos van die Jordaan ingeneem het. Die gedeelte word die Moabsvlakte genoem, siende dat dit vroeër aan die Moabiete behoort het. Dit het omtrent regoor Jerigo gelê, soos wat ons in Num 22:1 lees.

Num 22:3 vertel ons dat die Moabiete bang was vir die Israeliete. Die rede wat gegee word, is die feit dat die Israeliete 'n groot volk was – 600 000 weerbare mans van 20 jaar en ouer. Verder kan ons nog 'n rede hier byvoeg: Sihon het vroeër die Moabiete uit hierdie gebied verdryf, en nou het die Israeliete vir Sihon verdryf. As die Moabiete nie eens magtig genoeg was om teen die Amorie te staande te bly nie, wat nog van staande bly teen die Israeliete!

Balak se nuwe benadering (Num 22:4-21)

Balak was op hierdie stadium koning van die Moabiete. Hy het besluit om 'n nuwe benadering te volg t.o.v. hierdie bedreiging deur die Israeliete. Hy span saam met die Midianiete. Sy benadering is om 'n geestelike stryd aan te knoop. Hy het gehoop dat so 'n geestelike stryd teen die Israeliete hulle voldoende sal verswak, sodat hy daarna militêr teen hulle kan optree. Hy laat haal vir Bileam. Bileam het aan die Eufraatrivier gewoon – dus ver noord van Moab af. Hy het 'n reputasie opgebou as 'n sogenaamde waarsêer. Hy het op versoek groepe mense geseën of gevloek. Balak se idee was dat Bileam moet kom om die Israeliete namens hom te vervloek. Gevolglik stuur hy afgevaardigdes na Bileam toe, met die nodige waarsêersloon, om Bileam te oortuig om die Israeliete te kom vervloek (verse 5-6).

In vers 7-14 lees ons dat Bileam vir hierdie afgevaardigdes sê hulle moet by hom oornag, sodat hy die Here kan raadpleeg. In vers 12 sê die Here vir Bileam hy moet nie saamgaan en die volk vervloek nie, want hulle is geseënd. Bileam dra die boodskap aan die afgevaardigdes oor, en hulle gaan terug na Balak.

Volgens vers 15-21, stuur Balak toe nog meer afgevaardigdes van hoër rang om Bileam te gaan oortuig om te kom. Hulle beloof opnuut Bileam sal goed beloon word. Bileam sê die beloning gaan hom nie oortuig nie, hy moet eers weet wat die Here vir hom oornag sal sê. In vers 20 sê die Here vir Bileam hy mag saamgaan, maar hy mag net doen wat die Here vir hom sê om te doen.

Die Here konfronteer Bileam (Num 22:22-35)

In vers 22 lees ons dat die Here kwaad geword het omdat Bileam saamgegaan het. Dit is ietwat onverwags, siende dat die Here sopas vir hom gesê het hy mag saamgaan. En dan konfronteer die Engel van die Here Bileam drie keer. Uit vers 35 blyk dit dat die Engel van die Here niemand anders is as die Here self nie, waarskynlik Jesus self. Die eerste keer gaan staan die Engel in die pad met 'n

ontblote swaard. Die donkie draai van die pad af in die veld in. Dan slaan Bileam die donkie. Die tweede keer gaan staan die Engel op 'n smal gedeelte van die pad in 'n wingerd. Die donkie skuur teen die muur, en druk Bileam se voet vas. Weer slaan Bileam die donkie. Die derde keer gaan staan die Engel voor die donkie op 'n nou plek in die pad en daar is geen verbykomkans nie. Gevolglik gaan lê die donkie. Weer slaan Bileam die donkie. En dan laat die Here die donkie praat: "Wat het ek jou aangedoen dat jy my nou al drie keer geslaan het?" Bileam beskuldig die donkie dat hy hom vir die gek hou, as hy 'n swaard gehad het sou hy sommer die donkie doodgemaak het. Die donkie beroep hom op sy getroue diens aan Bileam, wat Bileam moes erken waar is.

Eers dan open die Here Bileam se oë, sodat hy ook die Engel met die ontblote swaard sien. Die Engel waarsku Bileam dat hy op 'n gevaarlike pad is. Let boonop op dat Bileam nie eens die Engel gesien nie – terwyl die donkie hom wel gesien het. Die Engel verduidelik vir Bileam in sy blindheid het hy die donkie geslaan, terwyl die donkie in werklikheid sy lewe gered het. Bileam erken hy was verkeerd, en bied aan om terug te gaan. Maar die Engel sê hy moet voortgaan na Balak toe, hy moet net onthou hy mag net doen wat die Engel, oftewel die Here, vir hom sê.

Vanaf vers 36 lees ons dat Bileam wel by Balak aangekom het. Balak het hom verwyt omrede hy so huiwerig was om te kom, en wonder of Bileam gedink het hy sal nie betaal word nie. Bileam antwoord hy is mos nou hier, en maak direk duidelik dat hy net mag sê wat die Here vir hom voorsê.

Hoe moet ons oor Bileam dink?

Bileam is 'n omstrede karakter in die Bybel. Dit is nie altyd so duidelik hoe ons oor hom moet dink nie. Aan die een kant dink ons hy is 'n betroubare profeet. Dink maar aan die volgende:

- Hy het telkens vir die Balak afgevaardigdes gesê hy moet wag om van die Here te hoor, voordat hy met hulle kon saamgaan. Toe die Here met die eerste afvaardiging gesê het hy mag nie saamgaan nie, het hy nie gegaan nie. Dit was eers na die Here met die tweede afvaardiging gesê het hy mag saamgaan, dat hy saamgegaan het.
- Na die insidente met die donkie en die ontmoeting met die Engel van die Here, was hy weereens bereid om om te draai. Hy het slegs voortgegaan omrede die Engel van die Here gesê het hy mag gaan.
- Ons het dit reeds hier gesien, en sal dit nog telkemale in hoofstukke 23 en 24 sien, dat hy gereeld vir Balak daaraan herinner het hy mag alleen maar sê wat die Here vir hom sê.
- Ons sal ook in hoofstukke 23 en 24 sien dat hy nie die volk vervloek het nie, dat hy hulle net geseën het. Trouens, ons sal sien dat hy selfs groot en gewigtige profetiese uitsprake gelewer het. En die latere geskiedenis sou bevestig dat sy uitsprake akkuraat en betroubaar was.

So, moet ons aan Bileam dink as 'n betroubare profeet van die Here? Tog is daar ook verskeie aspekte rondom Bileam wat ons laat wonder:

- Hy was 'n wel erkende waarsêer. Dit lyk of hy selfs internasionale roem behaal het vir die feit dat hy op aanvraag mense sou seën of vloek. Hy het geen persoonlike belang gehad by die vrees van die Moabiete en Midianiete vir die Israeliete nie. Trouens, hy het ver vandaar af gewoon. Dit laat 'n mens wonder hoekom hy so gretig was dat die Here hom tog sal toelaat om te kom?
- Die Nuwe Testament praat ook op 'n paar plekke oor Bileam – en daar word altyd veroordelend na Bileam verwys. Kom ons kyk eerstens na 2 Pet 2. Lees 2 Pet 2:12-16. In hierdie gedeelte het ons 'n beskrywing van valse leraars. Hierdie leraars word op verskeie maniere beskryf: hulle praat oor dinge waarvan hulle niks weet nie, hulle gaan hulle te buite

aan uitspattighede en wellus, hulle is bedrewe geldwolwe. En hulle het die reguit pad verlaat, om dieselfde pad as Bileam te loop, wat daarop uit was om vir geld onreg te pleeg (NAV), wat die loon van ongeregtigheid liefgehad het (OAV). Dink nou vir 'n oomblik terug aan hoeveel klem in Num 22 geplaas is op die waarsêersloon wat Balak sou betaal, en dat dit ruim beloning sou wees. Met 2 Pet in gedagte begin mens wonder of dit nie eintlik die rede is waarom Bileam wou gaan nie – hy sou kon geld maak hier uit! 2 Pet 2:16 sê spesifiek dat die pratende donkie 'n stokkie gesteek het voor die onsinnige optrede van die profeet Bileam. Kom ons dink bietjie verder oor die donkie-insident:

Wenham wys in sy kommentaar die volgende uit: Bileam is die professionele waarsêer, hy is die een wat op hoogte behoort te wees van die geestelike dimensie. Die ironie is dat wanneer die Engel van die Here verskyn, sien die donkie die Engel, maar nie Bileam nie – die donkie sien meer as die professionele waarsêer! Net dit moes Balak laat wonder het of hy sy waarsêersloon goed sou spandeer as hy dit op Bileam spandeer!

Ons lees dat die donkie drie keer die Engel gesien het, terwyl Bileam niks gesien het nie. In al drie gevalle probeer die donkie wegkom van die Engel af – hy gaan die veld in, skuur teen die muur of gaan lê in die pad. Elke keer slaan Bileam die arme donkie – sonder dat hy verstaan wat besig is om te gebeur. Dit is eers nadat die Here die donkie laat praat het en Bileam se oë geopen het dat die Engel aan Bileam verduidelik dat die donkie drie keer sy lewe gered het – onthou die Engel het daar gestaan met 'n ontblote swaard – reg om Bileam om die lewe te bring. Maar wat doen Bileam? Hy slaan die donkie, en sê as hy 'n swaard gehad het, het hy die donkie om die lewe gebring!

Nou is hier nog verdere ironie: In hoofstukke 23 en 24 gaan ons lees dat die rolle gaan verwissel: Dan word Bileam as't ware die donkie, en Balak word Bileam. Drie keer gaan Balak Bileam aanjaag om die volk te vervloek, soos wat Bileam die donkie geslaan het. Maar soos wat die donkie drie keer Bileam se lewe gered het, so gaan Bileam drie keer Balak beskerm deurdat hy nie gaan doen wat Balak wil hê nie, maar net wat die Here wil hê.

Hierdie donkie-insident moes vir Bileam 'n ernstige "wake-up call" gewees het. Hy moes sy eie blindheid raakgesien het, selfs sy donkie het meer insig gehad as hyself. Ek weet nie op watter manier hy sy internasionale roem verwerf het nie, maar hy moes erken hierdie geval is anders – hier is die lewende God aan die werk, hier sal hy gehoorsaam aan die wil van die Here moet werk, selfs al beteken dit dat hy daardie loon van Balak kon misloop. Soos wat 2 Pet 2:16 sê: die pratende donkie het 'n einde gemaak aan Bileam se onsinnige optrede.

- Judas praat ook oor Bileam. Volgens vers 4 het sekere goddelose mense die geledere van die gelowiges binnegedring en gebruik dit as 'n dekmantel om losbandig te lewe. Vers 10 sê hierdie mense praat lasterlik oor dinge waarvan hulle niks weet nie – hulle gee net uiting aan hulle natuurlike drange. En dan vergelyk vers 11 hierdie mense onder andere met Bileam – wat vir geld bedrog gepleeg het. Hier het ons weer 'n aanduiding dat Bileam waarskynlik baie gesteld was op die loon wat hy beloof is om te ontvang – hy sou selfs bereid wees om lasterlik te praat oor dinge waarvan hy niks weet nie. Genadiglik het die Here deur die donkie hom gestop. Maar ons sal ongelukkig later uit Numeri sien dat Bileam hom later wel skuldig gemaak het om die Israëliete verder te mislei.
- In die brief aan die gemeente in Pergamum in Op 2:14 lees ons ook van Bileam. Daar word gesê dat hy Balak geleer het om die Israëliete te verlei sodat hulle hulle skuldig gemaak het aan afgodery en onsedelikheid. Dit verwys heel waarskynlik na die gebeure in Num 25 waarna ons in meer detail sal kyk op 'n latere stadium. Hier is weereens bevestiging dat

Bileam ander agenda's gehad het as om die belang van die Israeliete op die hart te dra. Ja, hy het dit wel in Num 23-24 gedoen, waarskynlik omdat die Here hom so ernstig gewaarsku het deur die donkie-insident. Dit verduidelik ook hoekom die Here volgens Num 22:22 kwaad geword het vir Bileam omdat hy saam met die Balak afgevaardigdes gegaan het, kort nadat die Here gesê het hy mag gaan. Soos die Engel van die Here in vers 32 gesê het: Hy kon sien Bileam is op 'n gevaarlike pad. Hierdie pad eindig in Num 31:8 waar ons lees dat die Israeliete Bileam doodgemaak het saam met vyf Midianitiese konings.

Al met al moet ons tot die gevolgtrekking kom dat Bileam maar van twyfelagtige karakter was. Daar is heelwat aanduidings dat die verwagting van geldelike loon hom gretig gemaak het om aan Balak se versoek te voldoen. Dit was net die genadige konfrontasie van die Here wat tot gevolg gehad het dat hy die volk herhaaldelik geseën het – natuurlik tot Balak se groot ontsteltenis, soos ons sal sien. Selfs na al die seëninge wat die Here deur Bileam oor die volk uitgespreek het, het Bileam later inspraak gegee in maniere waarop die volk deur die Moabiete en Midianiete verlei is tot erge sonde. Hierna sal ons later in meer detail kyk.

Toepassings

Ek hoop dat dit uit bogenoemde duidelik is dat ons in die opvolgende hoofstukke nog meer sal leer van Bileam en Balak. Maar kan ek uit Num 22 die volgende toepassings maak:

- Ons lees hier dat Balak, uit vrees vir die Israeliete, hom gewend het tot 'n geestelike stryd – hy wou dat Bileam hulle moes vervloek. Ek dink dit is nuttig om daarop te let dat die Israeliete op hierdie stadium totaal en al onbewus was van Balak en Bileam se planne. Hulle was nie bewus van Balak se vrees nie, nie van sy samewerking met die Midianiete nie, en ook nie dat hy Bileam opgeroep het nie. Selfs in die volgende twee hoofstukke as Bileam die volk seën, is hulle onbewus daarvan. Ons sal sien Bileam en Balak beweeg tussen verskillende berge rond, terwyl die volk op die Moabsvlakte is. Hier is 'n geestelike stryd aan die gang teen die volk, maar hulle is op hierdie stadium onbewus daarvan. Die Nuwe Testament leer ons ook dat daar 'n geestelike stryd is. Dink maar aan Ef 6:10-12. Hier lees ons van die listige planne van die duivel en dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose geeste in die lug. Of dink maar aan wat Openbaring ons leer oor die samewerking van die draak, die dier uit die see en die dier uit die aarde teen die kerk. Dink aan hoe ons daar leer dat die konings van die aarde saam met die sedelose vrou span – teen die kerk. Ja, dit is so dat die volk op hierdie stadium nog onbewus was van die stryd, maar ons sal sien dat hulle hierby ingesleep gaan word. Die feit van die saak is: Balak en sy bondgenote se fokus is teen die volk gerig. So is daar sekerlik tans geestelike stryd aan die gang waarvan die kerk nie bewus is nie, of ten minste nog nie bewus is nie, maar wat een of ander tyd sigbaar sal word.

Maar ons het die volgende troos: Al is die volk nie bewus nie – die Here is bewus. Trouens, Hy is nie net bewus nie – Hy is in volle beheer van die stryd. Hy bepaal wat Bileam mag doen en wat nie. Hy maak dit ook duidelik aan Bileam bekend. Wat ookal Balak se ideaal was om die volk te verswak, die Here draai dit om in 'n seën. Ek het al verskeie kere gehoor hoe atëïste juis na die pratende donkie verwys as 'n argument dat die Bybel nie ernstig opgeneem kan word nie – almal weet tog donkies kan nie praat nie. Maar vers 28 sê doodeenvoudig die Here het die donkie laat praat. Ja, in 'n sekere sin kan donkies nie praat nie. Maar die Here kan donkies laat praat. En dit is juis deur die pratende donkie wat Bileam, die internasionaal bekende waarsêer, wat spesiaal van die Eufraat af ingebring is, besef hy weet maar min van geestelike oorlogvoering teen die Verbondsgod, dat hy doodeenvoudig

nie anders durf optree as om gehoorsaam te wees aan die wil van die Here nie. En die Here tree op ter wille van Sy verbondsvolk. Daardie ateïste wat so neerhalend na die donkie verwys, toon ook minder insig as die donkie, soos Bileam. Ons moet bemoedig word hierdeur.

- Ons lees hier dat Moab bang was vir die Israeliete – beide weens hulle getalle en weens die feit dat hulle Sihon verslaan het. Die ironie is dat Moab eintlik verniet bang was – want Israel sou nie Moab aanval nie, ten minste nie nou dadelik nie. Hoekom nie? Netsoos die Here duidelik gesê het dat hulle nie Edom moet aanval nie omrede dit nie deel van die beloofde land was nie, sou Israel ook nie die Moabiete aangeval het nie. Die grondgebied wat Moab oorgehou het na hulle teen Sihon verloor het, was nie deel van die beloofde land nie. Sien dit is die probleem as jy nie insae in God se plan het nie – dan is jy uitgelewer aan jou eie interpretasies. Ons praat dikwels van die stryd van die wêreld teen die kerk. Maar wat ons dikwels vergeet is dat hierdie stryd ten minste van tyd tot tyd deur vrees vir die koninkryk van God gedryf word. Hulle vrees dat as die koninkryk van God seëvier, sal hulle hulle leefwyse moet prysgee. Hulle vrees dat hulle net nie die stryd teen God se koninkryk wen nie – soms lyk dit so, net om te sien hoe die koninkryk weer verrys. Dink aan Op 11 wat handel oor die twee getuies: Selfs reg aan die einde as dit lyk of die kerk finaal uitgeroei is en hulle lyke in die hoofstraat lê, staan die getuies op na drie en ‘n half dae. Op 11:13 sê dat die wat nie dood is in die aardbewing wat gevolg het nie, was bevrees. Hierdie mense leef in vrees.
- Ons moet leer om versigtig te wees vir die wysheid van die wêreld. Balak het hom in sy vrees beroep op Bileam se reputasie as ‘n waarsêer. Hy het gehoop as hy net genoeg beloning aanbied, sal Bileam doen wat hy wil hê. Hy was oortuig Bileam het die vermoë om te kan seën en vloek na sy eie goeddunke. Wat Balak nie verstaan het nie, is nie net dat Bileam beperkte vermoëns gehad het nie, maar boonop dat hy minder insig gehad het as sy donkie! Al met al was dit nie ‘n goeie plek om troos en wysheid te gaan soek vir sy vrees nie.

Die vraag is waar gaan soek ons troos en wysheid. Afhangend van die saak waaroor ons bekommerd is, gaan ons na verskillende plekke. Mense gaan byvoorbeeld na dokters, sielkundiges, “life coaches”, luister na motiveringsprekers en noem maar op. Dink daaroor: Het die persoon na wie jy gaan werklik wysheid oor die saak? Indien wel, hoekom dink jy so?

Balak het gefouteer deur te dink hy kan met geld Bileam oortuig om te doen wat hy wil. Iets wat jy oor moet dink is of die persoon vir wie jy raad vra, dalk beïnvloed word deur die geld wat jy hom/haar betaal? Sê die persoon dalk net wat jy wil hoor? Of tree die persoon werklik met integriteit op?

Dit kan selfs in die kerk ‘n probleem wees. Kom ons kyk na ‘n ekstreme geval: Daar is vals leraars wat hulle gemeentes uitbuit deur ernstige pleidooie om groot finansiële bydraes te gee – die argument is as die lidmaat baie vir die kerk gee, sal die lidmaat ryklik deur die Here geseën word. Is dit werklik wat die Skrif leer? Of is die leraar besig om te sê wat die gemeente wil hoor, en boonop besig om homself te bevoordeel? Miskien is dit ‘n ekstreme geval. Maar dink daaroor of jy dalk skuldig is daaraan dat jy voel weens jou finansiële bydrae aan die kerk, behoort die kerk jou standpunte oor sake te verdedig?

Die feit van die saak is: wysheid is alleen by God te vind. As jy werklik na lewenswysheid soek, kan jy dit net by Hom vind. Hiervoor het jy onderskeidingsvermoë nodig, en jy ontwikkel dit deur jou voortdurend te verdiep in Sy wil onder die leiding van Sy Heilige Gees. Mag die Here ons hierin help.